## H O O F S T U K . 4 .

## P O T C H E F S T R O O M .

Kort na die middag van die 14 de Desember 1880 het die Driemanskap en lede van die Uitvoerende Raad aan kommandant Cronje sy instruksies voorgelees. Daarna het hy en sy 400 perderuiters die laer te Paardekraal verlaat en die weg na Potchefstroom ingeslaan.[1]

Dieselfde dag het die Uitvoerende Raad besluit dat die laer Paardekraal op Woensdag 15 Desember moes verlaat om so spoedig moontlik 'n vaste punt te beset, waar die vlag van die Republiek gehys en die setel van die regering gevestig kon word. Heidelberg is gekies.[2]

Cronje en sy kommando het vinnig aangery en te Wonderfontein afgesaal. Hier het hy sy instruksies weer deurgelees. Hy het ook die titel van Assistent- Kommandant-generaal ontvang.[3] In sy instuksies is hy beveel om met spoed na Potchefstroom te ry waar hy op die drukpers beslag moes lê, die proklamasie waarvan kopieë ingesluit was, laat druk, afskrifte nà Heidelberg opstuur en daarna weer moes terugkeer.[4]

Die kommando het opgesaal, tot middernag deurgery en teen dagbreek weer vertrek en om eenuur die middag te Pot-

chefstroom/.....

---

1). B.V.4 : Uitvoerende Raadsbesluit 10A, Notule van die Uitvoerende Raad, Paardekraal, 14 Dec. 1880;
B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje te Potchefstroom aan die Vice-president en lede van die Uitv.Raad, 21 Des. 1880;
Joubert Kolleksie : 7 : 2485 : Verslag van P.A.Cronje, 12 Jan. 1882, Schoonspruit;
Joubert Kolleksie: 7 : 2473 : Rapport van P.A.Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 20 Desember 1880.
Cronje beweer in sy verslag dat hy Paardekraal om twaalf-uur verlaat het. Dit is foutief. Om 1 -uur het die Driemanskap eers sy instruksies voorgeleés. Dr. N.Heyns, bls. 276 begaan dieselfde fout omdat hy Cronje se verslag as enigste bron neem.

2). Ibid.

3). Herinneringen, 1 September 1913.

4). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje, 21 Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

chefstroom aangekom. Die grootste gedeelte van die kommando het buite die dorp gelaer, terwyl Cronje en 'n klein geselskappie na die drukpers van J.P.Borrius gery het.[5]

Cronje het Borrius gelas om sonder versuim die proklamasie te druk. Om hom in sy werk te steun, het Cronje alle verantwoordelikheid aanvaar en die drukpers goed laat bewaak. Die nuus van die aanwesigheid van d[illegible] die dorp het soos 'n veldbrand versprei. Sonder versuim het die Britse troepe die kamp, Landdroskantoor en Algemene Boerewinkel in 'n staat van verdediging gebring.[6]

Volgens instruksie moes Cronje nie met vyandelikhede begin nie, maar die proklamasie ten koste van alles, indien moontlik sonder bloedvergieting, laat druk. Hy moes ook 'n brief wat spesiaal aan majoor Clarke, bevelhebber van die Engelse garnisoen, gerig is, oorhandig indien Clarke sou trag om die druk van die proklamasie te verhoed. In hierdie brief is Clarke in kennis gestel dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek herstel is, en sy samewerking vir die druk van die proklamasie gevra.[7]

Cronje het hierdie brief nie aan Clarke oorhandig nie omdat vyandelikhede na sy bewering[8] begin het voordat hy dit kon doen. Dit is nie juis nie, maar in elk geval sou dit die posisie nie die minste verander het nie. Netso beslis as wat Cronje was om die proklamasie gedruk te kry, netso beslis/...

5). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje, 21 Desember 1880.
6). Ibid.; Lady Bellairs: The Transvaal War, bls. 246.
7). B.V.2. Ibid.; Staats Courant gedurende den Vrijheidsoorlog, 12 Januarij, 1881, bls.3.
8). B.V.2. Ibid. Die vyandelikhede is eers die volgende môre om negeuur begin. Daar was dus genoeg tyd om die brief af te lewer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beslis was Clarke om dit te belet. Om sesuur die middag het Borrius 'n brief van Clarke ontvang waarin hy Borrius waarsku dat hy verantwoordelik gehou sou word vir enige onwettige of rebellieuse dokument wat deur hom gedruk word en dat hy uiters streng deur die wet gestraf sou word indien hy toelaat dat sy pers vir soiets gebruik word.[9] Cronje het behoorlike maatreëls getref om met die drukkery aan te gaan en die dag het daar verder niks noemenswaardig voorgeval nie.[10]

Ongeveer nege-uur die môre van 16 Desember 1880 is 'n kommandant Frans Robbertse van Rustenburg en vyf burgers na die dorp uitgestuur om die posisies van die Engelse in oënskou te neem. Op 'n afstand van 150 tree het hulle tussen die fort en die tronk deurgery en toe na die dorp se kant weggedraai. Ses man van die Mounted Infantry, gevolg deur nog twaalf ruiters, het agter die geselskap aangery en op hulle gevuur, waardeur die kommandant ernstig in sy arm verwond is.[11]

Die Engelse ruiters het vinnig na die fort teruggeja , terwyl drie burgers die kommandant na Dr.Poortman se huis vir verpleging vervoer het. Voordat die ander twee burgers na Cronje gestuur is om hom van die voorval te verwittig/........

9). Staats Courant, 12 Januarij 1881, bls.3.
10). Ibid.

11). Joubert-Kolleksie: 7 : 2485 : Verslag van P.A. Cronje, 12 Jan. 1882, Schoonspruit.;

Joubert-Kolleksie : 7 : 2473 : Rapport van P.A. Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 30 Desember 1880;

B.V.2 : Rapport van P.A. Cronje aan die Driemanskap en lede van die Uitv.Raad, 21 Dec.1881;

Lady Bellairs, bls. 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wittig, het kommandant Robbertse hulle gewaarsku om nie terug te skiet nie. Die vyandelike skote het dus van die kant van die Engelse gekom. Nou was die vet in die vuur. Die Engelse het die Eerste Vryheidsoorlog begin.[12)]

Na/.......

---

12). Dr.M.Heyns, blse. 278 - 279.

Dit is 'n saak van groot belang om met sekerheid vas te stel wie hierdie eerste skote gevuur het want dit was 'n direkte oorlogsverklaring.

Lady Bellairs, bls.246, gee die volgende interessante beskrywing van die aankoms van Cronje en sy kommando:- "About noon on the 15th, two scouts came in to report to Major Clarke that a large body of Boers, fully armed, were approaching the town. Majot Thornhill was at the time proceeding to take his seat in the postcart to rejoin headcuarters at Pretoria, when he was sent back by Major Clarke at full gallop to warn the camp. Major Clarke appears to have followed and caused troops to be confined within their lines. The tents were quickly struck, horses placed in the ditch, the guns - in pits two feet deep, at the northeast corner of the fort facing the cemetry - prepared for action, and the parapets *manned*".

*Alhoewel daar nie oorlog verklaar is nie*, het *Clarke en sy manskappe vir 'n aanval gereed gemaak*. Verder kom dit presies ooreen met die verslag van die Boere en het Sir *O*wen Lanyon 'n telegram aan die Goewerneur van Natal op 16 Desember erken dat die Boere rustig en kalm die stad ingekom het. Verder in die telegram erken hy ook dat toe die Boere op 150 tree tussen die tronk en fort verbygery het, 'n afdeling ruiters uitgestuur is "to inquire their business and to acquaint them that no armed body could be permitted to approach so close to the fort." Toe die ruiters naby die Burgers kom, het een afgeklim en op hulle geskiet. Kommandant Robbertse is gewond. "An ambuscade being feared, the retire sounded from the fort, and the party brought back". Dis vreemd dat die Boere tussen die Engelse deurry en nie skiet om vyandelikhede te begin nie; vreemder dat die Engelse agter hulle aanry om geskiet te word. Die Boer agter die muur is by die Engelse en skiet verskeie skote mis. Ons kan dit nie aanneem nie; ook nie dat Robbertse deur sy eie mense gewond is nie.

Nadat Robbertse gewond is, word die ruiters beveel om na die kamp terug te gaan. Waarom het hulle nie aangehou veg as die Boere hulle uitgedaag het nie? Hulle was bang dat hulle sou omsingel word. Vyf burgers kon tog nie 18 ruiters omsingel nie, want die ander Boere was toe nie naby nie. Die saak is vir ons duidelik.

Op bls. 249 van dieselfde boek probeer die skryfster in 'n voetnoot om die Engelse vry te pleit. Sy wys daarop dat die garnisoen te Potchefstroom voor die vyandelikhede begin is, geen kennis van Sir Owen Lanyon se kennisgewing gedra het nie. By Cronje se aankoms het Clarke nie op hom laat skiet nie. Dit is 'n bewys dat hy nog nie die kennisgewing ontvang het nie. Ongeveer 8-uur op 16 Desember het die poskoets van Pretoria arriveer en is die kennisgewing afgelewer, want 'n uur daarna het die Engelse op die Boere geskiet. Hulle het Lanyon se kennisgewing ontvang en die letter van die woord uitgevoer deur die eerste skote af te vuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na die berig van kommandant Robbertse se verwonding Cronje bereik het, het hy onmiddellik sy manskappe uit die laer ontbied en binne 'n halfuur daarna in vier afdelings teen die Britse troepe opgeruk.Een afdeling het hy by Borrius se drukpers agtergelaat om te sorg dat die werk daar behoorlik en sonder steuring van Engelse kant kon aangaan.

'n Tweede afdeling onder 'n veldkornet is gestuur om die Landdroskantoor en twee ander geboue aan te val.Dit was die Criterion Hotel en die huis van die winkelier Schikkerling wat gedurende die nag van 15 Desember deur die Engelse in besit geneem is.Die derde afdeling het onder aanvoering van kommandant Oosthuizen gestaan. Hulle moes die dorp van die suidekant aanval, terwyl Cronje en sy afdeling die aandag van die vyand op hulle sou trek deur voorwaarts te beweeg en daarna moes probeer om die kerkhof aan die noordelike kant in besit te neem.[13)]

Op die oomblik toe die tweede afdeling op die kerkplein by die hoek van Kerkstraat aangekom het, het die Engelse uit die versterkte Landdroskantoor 'n sarsie op hulle geopen. Die burgers het by die Kaapse Bank, die Nederduits Hervormde Kerk en die winkel van Charles Rocher posisie ingeneem om die vuur te beantwoord. By sy aankoms by Dr. Poortman se huis, was Cronje en sy hele afdeling vanuit die Engelse kamp sigbaar blootgestel aan kanonvuur, waardeur twee perde gedood en een gewond is. Cronje het daarin geslaag/.......

13). B.V.2 : Rapport van P.A.Cronje aan die Vise-president en lede van die Uitvoerende Raad, 21 Des. 1880;
Joubert Kolleksie 7. 2485 : Verslag van P.A.Cronje aan P.J.Joubert, Potchefstroom, 12 Jan. 1882;
Dr. M.Heyns, bls.279.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geslaag om die kerkhof te bereik. Tevergeefs het hy kommandant Oosthuizen afgewag. Oosthuizen en sy manskappe kon nie betyds by die versterkte geboue verbykom nie. Dit het Cronje van sy plan om die Engelse kamp te storm, laat afsien.

Dieselfde dag toe die vyandelikhede begin is, het Cronje aan Paul Kruger, Piet Joubert en lede van die Uitvoerende Raad geskryf dat die Engelse op sy burgers geskiet het. Onder omstandighede was hy genoodsaak om sy pligte na te kom. Terwyl hy die verslag skryf, is hulle nog besig om te veg. Verskeie perde is al gedood. Hy vra dat hulp van Heidelberg gestuur moes word om hom te help.14)

Cronje het hom hier in sy eerste geveg nie as 'n groot veldheer openbaar nie. Hy was te haastig en eiewys van natuur. Pas nadat die geveg begin is, het hy versterking van die regering te Heidelberg gevra sonder om vooraf krygsraad te hou om oor die wenslikheid van so 'n stap te besluit. Hy het 'n uitsoek perdekommando van 400 man onder sy bevel gehad, terwyl die Engelse garnisoen in Potchefstroom 'n gesamentlike mag van ietwat oor die tweehonderd man getel het.15) Miskien was Cronje nie hiervan bewus nie, want in sy brief meld hy nie die sterkte van die vyand nie. Daarom antwoord Joubert van Heidelberg dat Cronje moes uithou; as dit nodig was, sou hy hom met sy hele mag te hulp snel.16)

Die/.......

14). Joubert-Kolleksie 7 :- 2471 : P.A. Cronje aan S.J.P. Kruger, Joubert en lede van die Uitvoerende Raad, Potchefstroom, 16 Desember 1880.

15). Lady Bellairs : The Transvaal War, bls. 243 gee die sterkte van die Engelse as 10 offisiere en 203 manskappe.

16). B.V. 8 : P.J. Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 17 Desember 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die geveg het twee dae voortgeduur en intussen het Cronje se manskappe gevorder tot op so 'n afstand van die Landdroskantoor dat hulle vuurballe op die grasdak gegooi het. Clarke en sy manskappe kon nie meer langer weerstand bied nie en op die môre van 18 Desember 1880 het orals by die vensters van die gebou witvlae uitgewaai as teken van oorgawe.[17)]

Majoor Clarke en Cronje het mekaar in die huis van advokaar G.H.Buskus ontmoet om die terme van oorgawe te bespreek. Gedurende die onderhoud het Buskus as tolk vir Cronje opgetree omdat hy 'n beperkte kennis van Engels gehad het. Cronje het van Clarke onvoorwaardelike oorgawe verlang en beloof dat hy en sy manskappe goed behandel sou word solank hulle sy gevangenes is, en dat hulle lewes gewaarborg word. Majoor Clarke wou nie hiervan hoor nie, maar toe Cronje vir hom sê om terug te gaan na sy stellings en dit te verdedig, het hy erken dat hy nie langer kon uithou nie. Hy was bereid om die terme van oorgawe aan te neem.[18)]

Majoor Clarke, die spesiale kommissaris vir die Potchefstroomse distrik, het onderneem om aan Cronje oor te gee omdat 'n gedeelte van die geboue wat hy beset het, in die hande van die Boere geval het en sy posisie onuithoudbaar geword het. Hy het ook beloof om die geboue, d.w.s. die

Landdroskantoor/.....

---

17). B.V.2 : Rapport van genl Cronje, Potchefstroom, 21 Desember 1880.

18). B.V.2 : Ibid.; Staats Courant , 12 Jan. 1881. Kaptein Falls, die bevelvoerende offisier, het gesneuwel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Landdroskantoor en Algemene Boerewinkel, te ontruim en aan Cronje af te gee. Hy sou ook sorg dat 'n duplikaat van die terme van oorgawe aan kolonel Winsloe, bevelvoerende offisier van die Engelse kamp gestuur word.[19] Cronje het die onvoorwaardelike oorgawe aangeneem.[20]

Na die ondertekening van hierdie ooreenkoms is daar 'n duplikaat aan kolonel Winsloe in die Engelse kamp gestuur. Hy het geantwoord dat hy nie onder die voorwaardes inbegrepe was nie, maar was gewillig om voldoende tyd vir die uitvoering van die ooreenkoms toe te staan. Alle vyandelikhede is daarom tot die middag om vieruur gestaak. Daarna is die stryd weer hervat.[21]

Te Heidelberg het die regering verwikkelings afgewag. Intussen is kommandant Jan Viljoen van Marico aangesê om Cronje te gaan help. Van Heidelberg is eers vyf-en-twintig man as versterking gestuur, daarna kommandant Greeff van Lichtenburg met honderd man en toe nog tien manne met karre om ammunisie te gaan aflewer.[22]

Cronje het na die oorgawe van majoor Clarke baie sterk teen verdagte persone opgetree. Eerstens het hy die landdros van Potchefstroom gearresteer en gevange gehou tot nadere instruksies van die Driemanskap. Daarna het hy die/.....

---

19). Na die Potchefstroom-voorval het die Engelse regering 'n Engelse mag onder bevel van kolonel Winsloe na Potchefstroom gestuur om in geval van nood die dorp te beskerm. Hierdie mag het na hulle aankoms daar 'n kamp geslaan. Cronje het voorlopig nie teen die kamp opgetrek nie, slegs teen die Engelse garnisoen onder majoor Clarke, die spesiale kommissaris vir Potchefstroom-distrik opgetree.

20). Staats Courant, 12 Jan. 1881; Dr. Heyns, bls, 280; B.V.2 : Rapport van Cronje, 21 Des. 1880. Die mag wat aan Cronje oorgegee het, was 26 Engelse troepe, Raaff, 10 vrywilligers, Moucuette, sekere M.Hale, 2 swart konstabels, 2 kaffers en 4 man uit die hotel. Sakam 47.

21). Ibid.

22). B.V.8: Joubert aan Cronje, Heidelberg, 18 Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die huis van die winkelier Schikkorling en die Criterion Hotel laat deursoek, baie gewere en ammunisie daarin gevind en as gevolg hiervan nog 'n aantal persone, wat moontlik deur die Engelse as spioene gebruik is, in hegtenis geneem.[23]

Cronje het behoorlike maatreëls getref om te belet dat kolonel Winsloe van buite af hulp kon kry. Om die rede is kommandant Greeff van Lichtenburg met ongeveer honderd manskappe te Kommandodrif aan die Mooirivier geplaas.[24] Dieselfde dag berig Cronje aan Joubert te Heidelberg dat die Boere te Potchefstroom meester van die dorp is. Hulle sou die Engelse kamp aanval , en Joubert is spoedig daar verwag. Cronje het versterking gevra om die gevangenes op te pas.[25] Hy versoek Joubert ook om 'n sekere Dr. Woite, wat onder die Boere as spioen vir die Engelse werksaam was, te arresteer en so gou as moontlik na Potchefstroom te stuur om verhoor te word.[26] Cronje het nou reeds meer as vyfhonderd man onder sy bevel gehad. Nietemin dring hy op versterking aan om sewe-en-veertig gevangenes op te pas om sodoende al sy burgers in die stryd teen die minder as tweehonderd Engelse troepe in die kamp te werp. Vanuit die staanspoor het hy die belangrikheid van Potchefstroom oorskat en daarom later verskeie kere met die regering te Heidelberg gebots.

Op/......

23). Staats Courant, 12 Jan. 1881; B.V.2. Ibid.
24). B.V.2. (Ibid.).
25). Joubert-Kolleksie: 7: 2472: P.A. Cronje aan P.J. Joubert, Boeren Kamp, Potchefstroom, 19 Des. 1880.

26). Joubert-Kolleksie: 7 : 2472. (Ibid.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 20 Desember 1880 het Cronje en sy ondergeskikte offisiere hulle eerste krygsraad gehou. Eerstens is bepaal dat alle handelaars, winkeliers en drankverkopers belet word om sterk drank aan burgers sonder 'n permit te verkoop. Die drank kon Cronje nie duld nie. Tweedens is J.A.M.Kock, kommandant van Bloemhof, as veggeneraal aangestel. Namens die Kommandant-generaal kon hy alle krygsoperasies in die veld uitvoer. Sy bevele moes deur al die offisiere stiptelik uitgevoer word.[27)]

Vise-president Kruger en M.W.Pretorius het dieselfde aand in Potchefstroom aangekom. Die volgende dag is weer krygsraad gehou. Cronje het saam met Kruger en Pretorius in sy hoedanigheid as Assistent-Kommandant-generaal in die plek van die Kommandant-generaal as lid van die Driemanskap sitting geneem. G.H.Buskus, sy sekretaris, is weens die afwesigheid van W.E.Bok, as waarnemende goewermentsekretaris en as sekretaris van die Krygsraad aangestel. In teenwoordigheid van die Vise-President en M.W. Pretorius moes Cronje die ampseed aflê.[28)]

Vier dae later het Cronje en sy Krygsraad besluit om al die soldate, behalwe majoor Clarke, 'n sersant en die korporaals wat as gyselaars agtergehou is, op vrye voet te stel op voorwaarde dat hulle onmiddellik die grondgebied van die Suid-Afrikaanse Republiek verlaat. Solank as die vyandelikhede/........

---

27). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, den 20 ste December 1880.

28). B.V.2 : Notulen van de Vergadering van het Driemanschap te Potchefstroom op Dinsdag den 21 ste December 3 uur's namiddags.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vyandelikhede tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Haar Majesteit se regering voortduur, moes hulle nie binne die genoemde grondgebied kom nie. Hulle moes beloof om geen daad van geweld teenoor die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek of hulle eiendom te pleeg nie. Indien hulle hierdie voorwaardes verbreek, sou hulle as vyande aangesien en doodgeskiet word.[29)]

Op 27 Desember skryf Cronje aan Joubert om hom twintig man met waens in ruil vir twintig perderuiters wat hy na Heidelberg stuur, te gee. Die burgers te Potchefstroom was ontevrede omdat hulle in die nag sonder waens moes wagstaan.[30)] Hiertoe was Joubert gewillig en het die waens na Potchefstroom gestuur.[31)]

Dit was noodsaaklik om die orde in die dorp streng te bewaar. Daarom het Cronje aan die ingesetenes van Potchefstroom bekend gemaak dat elke persoon en elkeen se eiendom behoorlik beskerm sou word; iedereen is gewaarsku om geen persoon te molesteer of eiendom te beskadig nie. Kommunikasie met die vyand is ten strengste verbied. Enige persoon wat in besit van iemand anders se eiendom betrap word, hetsy perde, beeste of iets anders, sonder om behoorlik daarvan rekenskap te kan gee aan die aangestelde outoriteite, sou baie streng gestraf word.[32)]

Verder/......

29. B.V.5 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, den 25 ste Dec. 1880; Ibid. : Resolution passed by the Court Martial on this 25 th day of Dec., 1880.

30. B.V.5 : P.A. Cronje aan die lede van die Driemanskap, Potchefstroom, 27 Desember 1880.

31). B.V.8 : P.J. Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 27 Des. 1880.

32). B.V. 2 : Bekendmaking aan de Ingezetenen van Potchefstroom, P.A. Cronje, Boerenkamp, 19 Dec. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder het die krygsraad besluit dat dit aan geen dorpsbewoner toegelaat sou word om in die dorp gewapen rond te loop nie, tensy daartoe opgekommandeer of van 'n permit deur die veldkornet voorsien . Ongewapende burgers sou nie in die dorp toegelaat word nie, behalwe tussen sewe-uur smôrens en sesuur saans met dien verstande dat hulle van 'n behoorlike permit deur die veldkornet uitgereik, voorsien was. Op die permit moes vermeld word aan wie dit uitgereik is, waarheen die persoon gaan, hoelank dit geldig is en wanneer dit hernu moes word. Sodra 'n militêre beweging binne of buite die dorp aan die gang is, of sodra daar op of uit die kamp geskiet word, moes almal in die huis bly en nie op die strate verkeer nie. Oortreders sou streng volgens krygswet gestraf word.[33)]

Nadat Cronje vir die veiligheid van die dorpsbewoners gesorg het, het hy sy aandag aan geldelike sake gewy. Op 'n vergadering van die Finansiële Subkommissie[34)] is in ooreenstemming met die Uitvoerende Raadsbesluit van 16 Desember 1880 te Heidelberg, 'n voorstel aangeneem om van al die burgers in die Potchefstroomse distrik te vorder om in die eerste geldelike behoeftes van die regering te voorsien. Die gestorte geld sou later in rekening gebring word met die bedrae wat aan belasting aan die regering van die Suid-Afri-

kaanse/......

---

33). B.V. 5 : Bekendmaking van P.A. Cronje aan die ingesetenes van Potchefstroom, 27 Desember 1880.

34). B.V. 5 : Notulen van de Finansiële Sub Commissie te Potchefstroom op Dinsdag den 28 sten Dec. 1880.
Dit was 'n kommissie wat Cronje in die lewe geroep het om te sorg vir die insameling van fondse in sy distrik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kaanse Republiek verskuldig was.[35] Cronje het hierop voorgestel dat aan die verskillende veldkornette opdrag gegee word om die burgers van die regeringsbesluit in kennis te stel en om van hulle vrywillige bydraes te vra.[36]

Die reaksie op hierdie voorstel was nie volgens verwagting nie; daarom het Cronje en sy krygsraad stappe gedoen om die fondse te styf. Elke burger wat in die Potchefstroomse distrik onder die wapen gestaan het, moes in sy eie behoeftes voorsien. Siviele amptenare wat geen ander middel van bestaan gehad het nie, sou van die noodsaaklikste middele voorsien word. Solank die oorlog duur, moes hulle nie aanspraak maak op salaris nie, tensy anders deur die Uitvoerende Raad besluit word. Die Provisie-sekretaris moes sorg dat sy magasyn die nodige lewensmiddele bevat om die burgers solank hulle onder wapen is, te voorsien. Siviele persone sou van lewensmiddele voorsien word indien hulle 'n permit van hulle offisiere toon. Al die opgekommandeerde goedere sou kosteloos verdeel word. Om die staatskas te styf, is besluit om passe aan dorpsbewoners teen 6d. elk te verkoop. Indien enige burger of vreemdeling die land wou verlaat, moes hy £1 vir so 'n pas betaal.[37]

Cronje het ook gesorg dat sy burgers nie gebrek aan/.....

---

35). B.V.2 : Notulen der Vergadering van de Finansiële Sub Commissie te Potchefstroom op Dinsdag den 28 sten December 1880.

36). Ibid.

37). B.V.5 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom den 12 de Januarij 1881;
B.V.7 : Ongeregistreerde stukke, 20 Jan. 1881. Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan voedsel sou hê nie. Die burgers in Potchefstroomdistrik is aangesê om al hulle lewensmiddele, soos koring, mielies, voer en brandhout na die mark te stuur waar dit in die openbaar verkoop sou word. H.P.Kluever is as markmeester aangestel.[38)]

Intussen is vyandelikhede ook op ander plekke begin. Op 20 Desember 1880 het kommandant Frans Joubert kolonel Anstruther in sy opmars na Pretoria te Bronkhorstspruit verslaan.[39)] 'n Paar dae daarna het die Boere Rustenburg ingeneem.[40)] Maar die groot gevaar het van die kant van Natal gekom. Generaal G.Colley het met 'n sterk mag[41)] na die Transvaalse grens opgeruk, terwyl meer versterking van Engeland op see na Durban was. Die Suid-Afrikaanse Republiek het besef dat die Britse troepemag by die Drakensberge gekeer moes word. Daarom is die Boeremagte in verspreide orde op die nekke wat die oorgange na Transvaal beheers het, opgestel. Op 30 Desember 1880 het Kommandant-generaal Piet Joubert persoonlik na die Natalse grens afgereis om die opperbevel te neem.[42)]

Gedurende hierdie tyd het Cronje oorgegaan om die Engelse in die kamp te Potchefstroom te beleër. Hy was 'n swak/......

38). B.V. 12 : Kopieboek van P.A.Cronje, bls.93; Krygsraadsnotule, Potchefstroom, 18 Jan.1881.
39). Dr. M.Heyns, blse. 314 - 315. Cronje het later eers van hierdie oorwinning gehoor.
40). Rustenburg is op 27 Desember 1880 ingeneem, maar die Engelse kamp wat buite die dorp geleë was, het tot na die vrede uitgehou.
41). Colley het meer as 5,000 Britse troepe onder sy bevel gehad.
42). B.V.8 : P.J.Joubert aan P.A. Cronje, Heidelberg, 30 Dec. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swak strateeg. Daarom het hy die belangrikheid van Potchefstroom heeltemal oorskat. Vir hom het die stryd in Potchefstroom ontbrand en dáár moes dit beëindig word. Sy eiesinnigheid was oorsaak dat hy soms sy magte te buite gegaan het en onvermydelik met die regering te Heidelberg gebots het. Op 30 Desember 1880 het hy 'n skrywe aan president Brand van die Vrystaat gerig waarin hy meld dat J.J. Hoffman, sekretaris van die Finasiële Subkommissie, deur die krygsraad van die Suid-Afrikaanse Republiek afgevaardig is om met hom 'n persoonlike onderhoud te voer. Die krygsraad vertrou dat die president hom as sodanig sou ontvang en nie sou aarsel om hom die verlangde informasie en hulp te verskaf nie.[43)]

Die volgende dag stel Cronje Hoffman in kennis dat die krygsraad hom na die president van die Vrystaat afgevaardig het. Hy het nie 'n definitiewe opdrag nie, maar moes sy eie diskresie gebruik om alles in belang van die Suid-Afrikaanse Republiek te doen. Sy vernaamste taak was om Brand se gevoelens uit te vind. Dan moes hy die posdeurvoer na Transvaal bespreek en uitvind waarom die posmeester van Kroonstad geweier het om die Transvaalse pos deur te stuur.[44)]

Cronje het vir homself hier mag toegeëien wat nie aan hom verleen is nie en sy eie belangrikheid heeltemal oorskat. Eerstens het hy gehandel asof hy en sy krygsraad te Potchefstroom die wettige regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was en op eie gesag opgetree sonder om vooraf die regering te Heidelberg oor die wenslikheid van sy handelwyse te/.....

43). B.V. 12 : Kopieboek van Genl.P.A. Cronje, bls.2: Brief van P.A. Cronje aan J.H.Brand, Staats President Oranje-Vrystaat, Potchefstroom, 30 Dec. 1880.

44). B.V. 7 : Ongeregistreerde Stukke : P.A. Cronje aan J.J. Hoffman, 1 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te raadpleeg.[45]

By Hoffman se aankoms in die Vrystaat het Brand dadelik sy spyt te kenne gegee dat die Boere in Transvaal die wapens teen Engeland opgeneem het. Vir byna 'n uur het hy oor die mag van Engeland gepraat.[46] Hoffman het hom meegedeel dat die Transvaalse regering begerig is om 'n posverbinding met die Vrystaat in te stel. Brand het geantwoord dat hy geen ander regering as dié van Engeland in die Transvaal kon erken nie, maar meegedeel dat hy die posdeurvoer sou toelaat.[47]

Toe Hoffman die kwessie van uitlewering van gevangenes en Brand se houding i.v.m. die handhawing van neutraliteit aangeraak het, het Brand geantwoord dat hy hom nie as 'n regeringsverteenwoordiger kon beskou nie, en dus nie offisieel oor sulke sake kon praat nie. Brand se optrede bevestig dat Cronje hom met 'n saak bemoei het waarmee hy niks te doen gehad het nie. Hoffman het nie moed verloor nie en by Brand aansoek gedoen om 'n paar groot kanonne om in die stryd teen die Engelse te gebruik. Aan hierdie versoek wou Brand ook nie gehoor gee nie, want as hy kanonne aan die Transvaal afstaan, sou Engeland dit as 'n direkte oorlogsverklaring beskou. Hy kon ook nie aan die versoek om ammunisie na Transvaal te laat deurvoer, voldoen nie. Hoffman het darem

daarin/.....

45) B.V.7 : Ongeregistreerde stukke: Ibid.

46). Dr. M.Heyns, bls. 286.

47). B.V. 7 : Ongeregistreerde stukke: Verslag van J.J.Hoffman, 14 Januarie 1881; Dr. M.Heyns, blse. 287 - 288.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarin geslaag om 'n bietjie ammunisie van die Vrystaatse Boere te koop. Origens was sy sending 'n mislukking.[48)]

Cronje wat self nie die gesag van die regering geëerbiedig het nie, het anders streng dissipline voorgestaan. Gedurende die oorlog het die Boere heelwat met spioene en verraaiers te doen gehad, maar in hierdie opsig het Cronje ferm opgetree. Tydens die oorgawe van majoor Clarke het hy die gevangenes laat deursoek. Die volgende dag is aan hom twee briewe oorhandig. Die eerste brief was aan kaptein Raaff geadresseer. Die skrywer was 'n sekere Johannes van der Lingen, wat as korporaal in diens van die Suid-Afrikaanse Republiek werksaam was maar vir die Engelse spionasiewerk verrig het. In die brief het hy 'n volledige verslag van die Paardekraalbyeenkoms aan Raaff gestuur.[49)] Johannes van der Lingen is voor die krygsraad verhoor en op 31 Desember 1880 weens hoogverraad doodgeskiet.[50)]

Die tweede brief is deur Dr. Woite vanaf Paardekraal aan majoor Clarke gerig. Daarin het Dr. Woite die volgende minagtende uitlatings gemaak:-

" Here at Paardekraal are about four thousand bigmouthed cowardly Boers. Don't let the number frighten you; for I am sure that you could with three hundred undisciplined troops chase them in all directions, with less than half an hour's fighting. I have taken service under them as doctor so that I will be in a position to inform you from time to time regarding their movements."[51)]

Die/......

---

48). B.V. 7 : Ongeregistreerde stukke. Ibid.

49). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, 31 Dec. 1880.

50). Ibid.; Weilbach en du Plessis, bls.184: Kommandant Lemmer is deur die krygsraad opgedra om die vonnis uit te voer. Volgens krygsraadsbesluit moes hy ses skote skiet.

51). B.V. 5 : Dr. Woite to Major Clarke, Paardekraal, 12 th December, 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die teregstelling van Dr. Woite was vir Cronje 'n pynlike saak aangesien hulle intieme vriende was. Advokaat van Eok het Woite se saak waargeneem, terwyl advokaat Buskes namens die Staat opgetree het. Uit die verhoor is bewys dat Dr. Woite op 12 Desember 1880 te Paardekraal aanwesig was en vandaar die brief aan majoor Clarke geskryf het.[52] Hy was ook teenwoordig toe Cronje sy burgers voor sy vertrek na Potchefstroom toegespreek het. Hy het die wat spyt was dat hulle na Paardekraal gekom het, aangeraai om huis-toe te gaan. As daar burgers was wat dit verkies het maar bang was dat hulle meer patrioties-gesinde medeburgers hulle kwaad sou aandoen, verseker hy hulle dat hulle onder sy toesig die laer veilig kon verlaat. As hulle mog verkies om in die laer te bly staan, hulle onder krygswet en moes hulle hulle plig as burgers getrou nakom. As daar 'n verraaier onder hulle was, sou hy indien betrap word, al is hy ook 'n vader of 'n broer, die dood van 'n verraaier sterf.[53]

Nieteenstaande hierdie ernstige waarskuwing het Dr. Woite gewaag om verraad te pleeg. Die getuies teen hom was so oortuigend en verpletterend, dat hy nadat die brief aan hom getoon is, onmiddellik skuld erken het. Cronje het aan hom gevra of hy enigiets te sê gehad het waarom die doodstraf nie oor hom uitgespreek sou word nie. Hy het geantwoord dat Cronje seker nie 'n ou vriend van hom sou veroordeel nie. Woite het ook beweer dat hy saam met die burgers gegaan het om die land van diens te wees. Op die brief wysende het

Cronje/........

52). Herinneringen, 1 September 1913.

53). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje gevra of dit 'n diens aan die land was. Dr. Woite het geswyg.[54] Cronje was oortuig van sy vriend se skuld en kon alleen die doodstraf toepas. In die namiddag van 6 Januarie 1881 is hy doodgeskiet.[55]

Na hierdie reëlinge het Cronje en sy krygsraad die minder ernstige gevalle van verdagte persone onder behandeling geneem. Landdros Goetz en R.G. Impey, Landdrosklerk en Publiekeaanklaer, is onder borgtog vrygelaat. Hulle moes beloof om nie sonder-verlof die dorp te verlaat nie. Hulle moes ook beloof om te eniger tyd voor 'n hof te verskyn indien hulle daartoe geroep word.[56]

Buitengewone tye eis buitengewone maatreëls. Ander ernstige sake het Cronje se aandag geëis. Sy verantwoordelikheid was nie alleen beperk tot Potchefstroom nie, maar die hele westelike Transvaal het onder hom geressorteer. Op hierdie tydstip was daar Engelsgesinde persone wat die omliggende kafferstamme teen die Suid-Afrikaanse Republiek aangehits het. Cronje het opdrag gegee om twee verdagte persone, 'n sekere Lane van Lichtenburg te arresteer en die ander 'n seker Scholtz op borgtog te stel. Indien hulle enige misstap begaan, moes hulle met die dood gestraf word.[57]

Vyandiggesinde kafferstamme is streng gewaarsku terwyl kommandant J. Viljoen van Marico na hulle gestuur is om beweerde klagtes te ondersoek. Na sy terugkoms het hy gerapporteer dat alles rustig en stil is . Daarom het Cronje dit raadsaam/.....

54). B.V.2 : Notulen van de Krijgsraad gehouden te Potchefstroom, 6 Jan. 1881.
55). Ibid. Kommandant Weilbach het die teregstelling uitgevoer.
56). Ibid. Dieselfde dag is nog 'n hele aantal ander persone verhoor en gestraf omdat hulle die vyand in minder of meerdere mate gehelp het.
57). B.V.12 : Kopieboek van genl. Cronje, bls. 5, 2 Jan.1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

raadsaam geag om van die burgers in die buitedistrikte as versterking na Pretoria te stuur. Aan kommandant Kock van Bloemhof is opdrag gegee om die burgers van sy distrik op te kommandeer en om vir die bewaking van die grens aldaar te sorg. Kommandant Greeff van Lichtenburg het 'n soortgelyke opdrag ontvang om die burgers van Lichtenburg op te roep, maar daarna moes hy na Potchefstroom terugkeer. Al die ammunisie wat hy in die hande kon kry, moes hy met hom saambring.[58)]

Kommandant Kock en Greeff moes met mekaar verenig, slagvee kommandeer en onwillige persone beboet tot stywing van die landskas. Om die eerste dringende uitgawes uit te wis is Kock gelas om vrywillige bydraes te vra. 'n Sekere Coulter en Green het opsetlik teen die duidelike instruksies van Cronje die vrye posdeurvoer na die Vrystaat belet. As tugmaatreël is hulle posperde vir die regering in beslag geneem. Ammunisie en wapens is ook in die winkels opgekommandeer. Cronje het gehoop dat kommandant Kock op die manier sy eie mag in stand sou hou om 'n vyandelike leër uit daardie rigting te weerstaan. Hy sou die grens ook veilig bewaak.[59)]

Die gevaar van die kant van die naturelle het Cronje baie hoofbrekings besorg. Aan kaptein Dawid Massouw, Malmoesa aan die Hartsrivier, het hy geskryf dat daar sekere kwaaddoeners rondgaan om ander stamme op te hits, asook om valse gerugte te versprei en die mense op te maak. Cronje gelas hom om hulle te vang en aan kommandant Kock uit te lewer.[60)]

58). B.V.12 : Kopieboek van genl. Cronje, bls. 10, Brief P.A. Cronje aan komdt. Kock, 2 Jan. 1881.
59). Ibid. P.A. Cronje aan D.F. Peterson, veldkornet, Potchefstroom, 2 Jan. 1881.
60). Ibid., bls. 11: Brief van P.A. Cronje aan David Mashouw, Potchefstroom, 3 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die swak finansiële posisie van die regering het Cronje ontevrede gestem. Hy het baie van sy tyd en kragte ingespan om die toestand te verbeter, maar het in hierdie verband sake aangeraak wat hom die ongenoeë van die regering op die hals gehaal het. Hy het die regering versoek om die Uitvoerende Raad die wenslikheid te laat bespreek om voorbereidende planne te beraam om 'n geldlening met die Kaapse Handelsbank te sluit. Die bestuurder van Potchefstroom was gewillig om dit op hom te neem om die saak voor die direksie te bring.[61] Kruger het Cronje se houding afgekeur en hom geskryf dat hy hom met 'n saak bemoei waarmee hy niks te doen gehad het nie. Die regering was nie met die voorstel ontevrede nie, maar het Cronje se houding in die saak afgekeur. Hy het op eie houtjie met die bestuurder van die Potchefstroomse bank reëlings getref om die saak voor die direksie te bring. Hy vra ook nie vooraf die regering se toestemming nie maar versoek die Driemanskap om die saak voor die Uitvoerende Raad te bring. Kruger het Cronje se optrede afgekeur, want dit het gelyk asof hy die regering geïgnoreer het, alhoewel hy dit heeltemal goed bedoel het.

Cronje was nog nie tevrede nie. Die geldkwessie was by hom 'n brandpunt, daarom stel hy weer aan die regering voor om 'n sekere som geld van die Boere Nationale Handelsvereniging[62] te leen om voorlopig aan die dringendste/......

---

61). B.V. 12: Kopieboek van genl.Cronje, blse. 22 -23; Brief van P.A.Cronje aan die regering te Heidelberg, Potchefstroom, 3 Jan.1881.

62). Handelsvereniging wat met kapitaal van Boere opgerig is in Desember 1879 met die doel om onafhanklik van die Engelse te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ste behoeftes van die land te voorsien. Dit was 'n billike voorstel en die regering het dit tog van die hand gewys. Cronje het in hierdie brief Dr. Jorissen se naam aan die vereniging en die gebruik van die geld vasgeknoop en daarop nadruk gelê dat die regering liewer die geld kon gebruik. Dit het Kruger nie aangestaan dat Cronje so 'n bewering maak nie en hy het hom gewaarsku dat soiets nie weer moes gebeur nie.[63)]

Cronje het die geldkwessie nie weer aangeraak nie. Dit skyn asof sy sekretaris, advokaat Buskus, ontevrede was met foutiewe spelling en taalfoute wat in die rapporte vanaf Heidelberg voorgekom het. Dit het onnodige werk vir hom veroorsaak om die stukke van foute te suiwer voordat dit gedruk word. Cronje het dit onder die aandag van die regering gebring en weer het Kruger hom streng aangespreek. Hy het Cronje laat verstaan dat dit instruksies is wat aan hom gestuur word en dat hy dit stiptelik moes uitvoer.[64)] Kruger het Cronje verwyt dat hy hom te veel met onbelangrike dingetjies besig gehou het. Dit was sy taak om die Engelse in Potchefstroom te onderwerp en nie om die handelwyse van die regering te kritiseer nie.[65)] Cronje weer het nooit geskroom om iets te sê as hy dit dig geag het nie. Hy het gewoonlik nie baie gepraat nie maar wanneer dit vereis was, het sy woorde ingeslaan.

Nog/.......

63). B.V. 8: Brief van S.J.P.Kruger aan P.A.Cronje, Heidelberg, 6 Jan.1881.

64). Ibid.

65). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nog 'n bron van wrywing tussen die regering te Heidelberg en Cronje was die kwessie van toesending van versterking aan Kommandant-generaal P.J.Joubert by die Drakensberge. Die regering het verskeie kere by Cronje aangedring om van sy manskappe te Potchefstroom vir hierdie doel vry te laat.Aan al hierdie opdragte het hy uitvoering gegee en afdelings gestuur . Hy het sorg gedra om sy eie mag sterk genoeg te hou. Teen die middel van Januarie 1881 het hy op versoek van die regering kommandant H.R. Lemmer van Makwassie opdrag gegee om vyftig burgers uit Schoonspruit en Makwassie op te roep om binne drie weke van Potchefstroom na Heidelberg te vertrek.[66] Kommandant J.M.A. Wolmarans het 'n soortgelyke opdrag gekry om uit Mooirivier en Potchefstroom op te kommandeer.[67]

Kruger het geoordeel dat Cronje te min versterking gestuur en te veel manskappe nutteloos te Potchefstroom aangehou het. Hy het Cronje op die vingers getik omdat hy minder belangrike aangeleenthede , soos bv. die geldkwessie, bo besonderes gestel het.Hy was besig om die planne van die regering te laat skipbreuk ly.[68]

Cronje was wrewelig. en het nie versuim om in sy verdediging sy prestasies op te som nie.Hy het verduidelik dat hy reeds 300 man na Heidelberg gestuur het. Mis-kien/........

66). B.V.12: Kopieboek van genl.Cronje, bls.107 : Brief van P.A. Cronje aan komdt. H.R.Lemmer,Komdt. van Schoonspruit en Makwassie , Potchefstroom, 18 Jan. 1881.

67). B.V.12: Ibid.,bls.108: Brief van P.A.Cronje aan komdt. J.M.A.Wolmarans,Mooirivier en Potchefstroom, 18 Jan.1881.

68). B.V.7 : Brief van S.J.P.Kruger,M.W.Pretorius en P.J. Joubert aan P.A.Cronje, Heidelberg,24 Jan. 1881.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kien het Kruger nie daarvan geweet nie of andersins het Hy dit vergeet.Te Potchefstroom het hy 400 man gehad wat nie te veel was . as in aanmerking geneem word dat hy nog vir ander distrikte ook verantwoordelik was nie. Hy moes die oog hou op 'n moontlike inval van die kant van Kimberley en die opstandige naturelle op die suidwestelike grens van die Republiek. As Kruger enigsins 'n denkbeeld gehad het van die oorlogsterrein te Potchefstroom, sou hy nie beweer het dat Cronje te veel manskappe nutteloos aanhou nie.Die Engelse in die kamp sou nie ingee tensy hulle deur honger, siekte of 'n oormag daartoe geforseer word nie.Cronje se eer was gekrenk. Hy het Kruger sy leedwese uitgespreek omdat die regering voorgegee het dat hy aan besondere belange bo die van die land voorkeur gegee het.69)

Cronje het gevoel dat as hy te lig bevind word, hy gewillig is om hom aan 'n bekwamer generaal te onderwerp.Hy het die geleentheid te baat geneem om hom teenoor Kruger uit te praat.Hy het niks opgekrop nie.Hy was ontevrede omdat die regering te Heidelberg al driekeer 'n beroep op hulle kas gedoen het. M.W.Pretorius aan wie hy £50 reisgeld na die Oranje-Vrystaat gegee het,het hom verseker dat daar minstens £3,000 in die kas te Heidelberg was.Te Potchefstroom sukkel hulle hard om die fondse deur middel van die verkoop van dorps- en buitelandse passe, lisensies/.....

---

69). B.V.12 : Kopieboek van genl.Cronje, blse. 145 -147: Brief van P.A.Cronje aan S.J.P.Kruger, M.W.Pretorius en P.J.Joubert,Potchefstroom, 25 Jan.1881;
B.V.7 : Ongeregistreerde stukke: Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lisensies,ens. te styf.Hulle het geen fondse uit vrywillige bydraes ontvang nie en die publiek het nog nie hulle belastings betaal nie, omdat hulle ontevrede was omdat hulle Heidelberg moes voed.Die regering het geweier om aan hulle waens te stuur, sodat die burgers sonder klere, geld en ammunisie wat daàrin gebêre was, moes klaarkom.Sy mense is gewillig en geduldig en sal geld, liggaam en goed opoffer vir die behoud van hulle land, maar murmureer as hulle van Heidelberg hoor en as dit geweier word om hulle waens te stuur.70)

Kruger se bewerings was nie almal ongegrond nie. Wat die toesending van versterking betref, het Cronje die bevele van die regering nie streng geëerbiedig nie. Sy fout was dat hy meer as vier honderd perderuiters aangehou het om die Engelse kamp te beleër. Met die helfte minder gewone burgers kon hy die beleg net so suksesvol deurvoer. Hy sou dan nie so baie burgers en perde nutteloos aangehou het nie. Hy moes minstens die helfte van sy berede mag na die Natalse grens weggestuur en hulle met gewone burgers vervang het. Terwyl hulle die kamp beleër het, kon die perdekommando die omgewing patrolleer, 'n oog op die naturelle op die suidwestelike grens en 'n moontlike Engelse inval uit die rigting van Kimberley hou. Dit kon Cronje nie insien nie.Dit was oorsaak dat die regering hom verskeie kere op sy plig moes wys.

Kruger het dit dan ook weer nodig geag om op
30 Jan./..

70). B.V. 12 : Kopieboek van genl.Cronje,blse,145 - 147.
Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

30 Januarie 1881 in 'n privaatskrywe as antwoord op Cronje se vorige brief, sy hart aan hom uit te praat. Hy het erken dat Cronje se briewe 'n pynlike indruk op hom en die regering gemaak het. As op die briewe gelet word, dan het hulle nie geweet wie die regering - Cronje of die Driemanskap - is nie. Sekere gedeeltes uit Cronjé se brief het die indruk geskep dat hy nie die nodige respek en eerbied betoon nie en dat hy bevelgewend opgetree het. Hy het die regering met die term "Heidelberg" aangespreek en op kort maar duidelike verslae om in die Staatskoerant te publiseer, aangedring. Verder het hy geskryf:-

> "Onze menschen murmureren wanneer zij van Heidelberg hooren;" en ook: "dat uw publiek nog geen vrijwillige bijdragen heeft gedaan, omdat het ontevredenis dat Heidelberg geregeld door ons (Potchefstroom) gevoerd moet worden"; en ook: "het is nu al de derde maal dat Heidelberg een beroep doet op onze kas".71)

Kruger het in sy brief nadruk gelê op die feit dat Cronje nie die juiste toedrag van sake gegee het nie. Volgens hom was daar 'n aansienlike aantal mense in Heidelberg en was dit nie nodig om van sy burgers as versterking te stuur nie. Dit was nie so nie. Daar was ongeveer 200 man. Die regering het meer as 3,000 man na Pretoria, Standerton en die Natalse grens gestuur. Cronje was ontevrede dat die regering van hulle fondse te Potchefstroom gebruik het. Die geld is ten behoewe van die land gebruik, want die regering moes in alles voorsien. Cronje praat van hulle kas, maar die regering van die landskas. Alles wat Cronje gestuur het, was nie vir Heidelberg nie, maar vir die burgers van die land. 72)

Cronje/......

71). B.V.8 : Brief van S.J.P.Kruger aan P.A.Cronje, Heidelberg, 30 Jan. 1881.

72). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cronje het die brief baie deeglik geleës. Hy was nie van plan om die teregwysings onvoorwaardelik aan te neem nie. Vir elke oortreding van sy kant het hy 'n verskoning gevind. Kruger se brief, so skryf hy, het by hom dieselfde indruk geskep as wat syne by Kruger nagelaat het. Hy en sy offisiere het die hoogste respek vir die regering wat deur die volk gekies is, maar wys daarop dat die verantwoordelikhede oor die wesgrens swaar op sy skouers rus. Dit doen hom leed dat sy verskillende briewe uit verband geruk word om verkeerde bedoelings te laat posvat. Hy vra verskoning omdat hy oneerbiediglik die regering wat te Heidelberg gevestig is, as Heidelberg genoem het. Hy het ook nie gedink dat die woorde

> "wij zullen uw ammunitie sturen van de in de Oranje Vrijstaat gekochte, zoveel wij kunnen missen,"73)

aanstoot sou gee nie, want dit is sy bedoeling om met die inkomste van die distrik die ander dele van die land behulpsaam te wees. Hy skryf ook dat dit nie sy begeerte was om te bewys dat hy die toedrag van sake beter as Kruger begryp het nie. As 'n getroue offisier het hy dit sy plig geag om die sienswyses van sy offisiere en manskappe onder die aandag van die regering te bring.74)

Cronje het ook nie nagelaat om Kruger se bewerings te kritiseer nie. Volgens Kruger was daar 200 man te Heidelberg en 3,000 of meer na Standerton en die Natalse grens gestuur. As in aanmerking geneem word dat te/......

73). B.V. 12: Kopieboek van genl. Cronje, blse. 175 -181: Brief van P.A. Cronje aan S.J.P. Kruger, Potchefstroom, 2 Febr. 1881.

74). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te Potchefstroom 400, te Bloemhof 100, Marico 150 en te Rustenburg 100 manskappe was, dan is daar slegs 3,750 onder wapen. Kruger het tog opdrag gegee dat die laaste man opgekommandeer word. Waar is die ander getroue burgers wat by Paardekraal byeen was?[75] Cronje wou hier maar net bewys dat Kruger se briewe ook nie die juiste toedrag van sake weergegee het nie.

Die feit dat Kruger beweer het dat die geldkwessie van die Boere Handelsvereniging Cronje nie aangegaan het nie, het hom ook nie aangestaan nie. As hy niks met die geld te doen gehad het nie, wou hy graag weet waarom hy dan gedurig daaroor lastig geval is. Dit doen hom leed dat die regering meer waarde heg aan gerugte as aan sy rapporte. Op 'n vraag van die regering of dit waar is dat sy sekretaris Buskus in die Engelse kamp was, het hy ontkennend geantwoord. Hy was oortuig dat hy sy pligte getrou vervul het.[76]

Hiermee was die korrespondensie tussen Cronje en die regering op 'n end. Die teregwysings het die regte uitwerking gehad. Cronje het van nou af sy aandag meer aan die beleëring van die Engelse gewy en goed nagedink voordat hy aan die regering geskryf het. Die samewerking was van beide kante beter, want die regering en Cronje het albei skuld gehad.

---

75). B.V.12: Kopieboek van genl.Cronje, bls.175.Ibid; B.V.7: Ongeregistreerde stukke.Ibid.

76). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA